




Help make reading happen



As parents we do whatever we can to encourage our children to read. But sometimes, without realising it, we also do things that stand in the way of our children becoming readers. Here are some of the ways in which we may sometimes discourage our children from reading without realising it, as well as suggestions of what to do instead!

- No books at home** Children need to have books around them if we want them to learn to read. You can't learn to read without books! Of course, the more books children have available at home, the more likely they are to find some that will interest them enough to make them want to read. Build up your supply of books at home by buying books for your children as birthday gifts, saving the cut-out-and-keep books in each Nalibali supplement and borrowing books from the library.
- Locking books away** If you keep books on high shelves that children cannot reach, or lock them away in cupboards, children have to ask for books when they want to read. They need to be able to pick up a book whenever they feel like reading! So, keep books in places that are easy for children to find and reach.
- Only reading aloud to younger children** Reading aloud to children is the best thing you can do to help increase their literacy skills – and this applies to all children. Keep reading to your children even when they can read by themselves. In this way, you'll keep them motivated to read and you'll spend time relaxing together and connecting around books.
- Not letting them choose their books** We are more likely to want to read a book that we have chosen ourselves. This doesn't mean that you shouldn't ever suggest books for your children to read, and it is important that you show them how you find out about a book by looking at the front cover and reading the blurb on the back. But, at least some of the time, your children should choose the books they would like you to read aloud to them and the books they want to read on their own.
- Bribing and punishing** If you link reading to punishment ("You didn't read, so now you can't watch TV!") or use it to bribe ("I'll give you a slab of chocolate, if you read that book."), children will not see reading as something that is enjoyable. And, we need children to want to read if they are going to be life-long readers!
- Not enough time** If children have too many chores to do, or their weekends and afternoons are filled with lots of activities, then they are not going to have enough time to read. It is important that children have some time every day where they can just relax and read!
- Not reading yourself** Children learn from what you do and they copy you! They need to see you reading regularly.



Help jou kinders om lesers te word

As ouers doen ons alles wat ons kan om ons kinders aan te moedig om te lees. Maar soms, sonder dat ons dit beseft, doen ons dinge wat keer dat ons kinders lesers word. Hier volg van die dinge wat ons soms doen wat ons kinders ontmoedig om te lees, sonder dat ons dit beseft, en ook 'n paar voorstelle van wat ons eerder behoort te doen!

- Geen boeke by die huis nie** Kinders moet met boeke omring wees as ons wil hê hulle moet leer lees. 'n Mens kan nie sonder boeke leer lees nie! Hoe meer boeke daar by die huis is, hoe makliker sal hulle boeke vind waarin hulle genoeg belangstel sodat hulle sal wil lees. Vul jou voorraad boeke by die huis aan deur vir jou kinders boeke as verjaardaggeskenke te koop, deur die knip-uit-en-bêreboekies in elke Nalibali-bylae te hou, en deur boeke by die biblioteek uit te neem.
- Boek word weggebêre** As jy boeke op hoë rakke bêre waar kinders nie kan bykom nie, of hulle in kaste toesluit, moet kinders vra wanneer hulle boeke wil lees. Hulle moet eerder 'n boek kan optel wanneer hulle ook al lus voel om te lees! Bêre dus boeke op plekke waar kinders dit maklik kan vind en bykom.
- Lees slegs vir jonger kinders hardop** Om hardop vir kinders te lees is die beste ding wat jy kan doen om hulle te help om hulle geletterdheidsvaardighede te verbeter – en dit geld vir alle kinders. Hou aan om vir jou kinders te lees, selfs al kan hulle al self lees. Op hierdie manier sal jy hulle motiveer om te lees en julle sal ontspanningstyd saam deurbring en 'n band bou deur boeke.
- Hulle word nie toegelaat om hulle eie boeke te kies nie** Ons is meer geneig om 'n boek te wil lees wat ons self gekies het. Dit beteken nie jy moet nooit voorstelle maak oor boeke wat jou kinders behoort te lees nie, en dit is belangrik dat jy vir hulle wys hoe om meer oor 'n boek te wete te kom deur na die omslag te kyk en die flapteks te lees. Maar soms moet jy jou kinders die boeke laat kies wat hulle wil hê jy hardop vir hulle moet lees en die boeke wat hulle op hul eie wil lees.
- Omkopery en straf** As jy lees aan straf koppel ("Jy het nie gelees nie, en daarom mag jy nie TV kyk nie!") of as jy dit gebruik om hulle om te koop ("Ek sal vir jou 'n sjokolade gee as jy daardie boek lees."), sal kinders nie lees as iets genotvol beskou nie. En as ons wil hê ons kinders moet lewenslang lesers bly, moet hulle wil lees!
- Nie genoeg tyd vir lees nie** As kinders te veel take het, of as hulle naweke en middae propvol aktiwiteite is, gaan hulle nie genoeg tyd hê om te lees nie. Dit is belangrik dat kinders elke dag tyd het wanneer hulle net kan ontspan en kan lees!
- Jy lees self nie** Kinders leer uit wat jy doen en hulle volg jou voorbeeld! Hulle moet sien dat jy gereeld lees.

INSIDE!
Stories to celebrate
International Children's Day
and Africa Day!

BINNE!
Stories om Internasionale
Kinderdag en Afrika-dag
te vier!



Drive your
imagination

Story Power.
Bring it home.
Bring dit huis toe.





Get story active!

Here are some ideas for using the stories in this supplement. Choose the ones that best suit your children's ages and interests.

A surprise at the park

This story is especially suitable for very young children. It encourages both girls and boys to be strong, caring, adventurous and creative problem-solvers.

- ★ Before you begin reading, talk to your children about a time when you visited the park together. Discuss what you did at the park and what you each enjoyed the most.
- ★ After you have read the story, use some of these questions to talk about it with your children.

- ☉ Did you feel scared during the story? What made you feel scared?
- ☉ Would you like to visit this park? What would you like to do there?
- ☉ How do you think Pauline and Kagiso felt when they first saw the dog? How would you have felt?
- ☉ Where do you think the owners of the dog and her puppies are? How do you think the dog and her puppies got to the park? What would you say to the owners?



Raak doenig met stories!

Hier volg 'n paar idees oor hoe om die stories in hierdie bylae te gebruik. Kies dié wat die beste by jou kinders se ouderdomme en belangstellings pas.



'n Verrassing in die park

Hierdie storie is veral geskik vir baie jong kinders. Dit moedig meisies en seuns aan om sterk, sorgsame, avontuurlustige en kreatiewe probleemoplossers te wees.

- ★ Praat eers met jou kinders oor 'n keer toe julle saam by die park was voordat jy begin lees. Bespreek wat julle by die park gedoen het, en wat elkeen van julle die meeste geniet het.
- ★ Gebruik sommige van hierdie vrae om met jou kinders te gesels nadat jy die storie gelees het.

- ☉ Was julle ooit bang tydens die storie? Wat het julle bang gemaak?
- ☉ Sou julle graag na hierdie park toe wou gaan? Wat sou julle daar wou doen?
- ☉ Hoe dink julle het Pauline en Kagiso gevoel toe hulle die eerste keer die hond gesien het? Hoe sou jy gevoel het?
- ☉ Waar dink julle is die eienaars van die hond en haar babahondjies? Hoe dink julle het die hond en haar babahondjies in die park beland? Wat sou julle vir die eienaars sê?

The tiny seed

The tiny seed is the story of Wangari Maathai. It is told simply so that children of all ages are able to enjoy finding out about this remarkable woman from Kenya.

- ★ Look at a map of Africa and find Kenya.
- ★ Talk about the story together by choosing some of these questions to discuss.

- ☉ As a child, Wangari loved to be outside and to work in her family's food garden. What do you like to do?
- ☉ Why do you think Wangari's parents needed to be persuaded to let her go to school? Do you think girls and boys should have equal opportunities to go to school?

- ★ Find some seeds to plant. Reuse plastic containers, like yoghurt cups or the bottom of a 2 litre cooldrink bottle, as plant pots. With your children, plant the seeds in some soil in the plastic containers. Place them near sunlight and water them regularly. Enjoy watching your plants grow!



Die klein saadjie

Die klein saadjie is die storie van Wangari Maathai. Dit word op eenvoudige wyse vertel sodat kinders van alle ouderdomme dit kan geniet om oor hierdie merkwaardige vrou van Kenia te leer.


- ★ Kyk na 'n kaart van Afrika en vind Kenia.
- ★ Gesels saam oor die storie deur van hierdie vrae te kies om te bespreek.

- ☉ As kind het Wangari baie daarvan gehou om buite te wees en in haar gesin se kostuin te werk. Wat doen julle graag?
- ☉ Hoekom dink julle moes Wangari se ouers ooreed word om haar skool toe te stuur? Dink julle meisies en seuns moet gelyke kans kry om skool toe te gaan?
- ★ Vind saadjies om te plant. Herwin plastiekhouders, soos jogurtbakkies, of die onderkant van 'n 2 liter-koeldrankbottel, en gebruik dit as potte vir plante. Plant saam met jou kinders die saadjies in grond binne-in die plastiekhouders. Sit hulle naby sonlig en gee hulle gereeld water. Geniet dit om te kyk hoe julle plantjies groei!

You can find more information about Wangari Maathai on page 3.



Jy kan op bladsy 3 meer oor Wangari Maathai uitvind.



Thoko's best friend

In this story, Thoko and her best friend learn how to get along as they play different kinds of make-believe games! Enjoy reading the story aloud or retelling it.

- ★ You and your children can play one or more of the make-believe games from the story – or make up your own games. Remember to join in with your children, just like Gogo did!
- ★ Talk to your children about the importance of taking turns. Ask them how they think Thoko feels in the story when Jake always gets to be the character they both want to be! Can they suggest what might be a more fair way of playing together?



Thoko se beste maat

In hierdie storie leer Thoko en haar beste maat hoe om oor die weg te kom terwyl hulle verskillende soorte verbeeldingspeletjies speel! Geniet dit om die storie hardop te lees of oor te vertel.

- ★ Jy en jou kinders kan een of meer van die verbeeldingspeletjies in die storie speel – of maak julle eie speletjies op. Onthou om saam met die kinders te speel, net soos Gogo gedoen het!

- ★ Praat met jou kinders oor hoe belangrik dit is om beurte te maak. Vra hulle hoe hulle dink Thoko in die storie voel wanneer Jake altyd die karakter is wat hulle albei wil wees! Kan hulle 'n voorstel maak oor 'n regverdiger manier om saam te speel?



Important celebrations!

How much do you know about Africa Day and International Children's Day? Read on to find out more.

Africa Day

Africa Day is celebrated each year on 25 April. It is the day on which we celebrate the start of the Organisation of African Unity (OAU) in 1963, as well as the freedom fought for by African countries.

The OAU was replaced by the African Union (AU) in 2001. The African Union works to bring unity and peace to Africa. All African countries, except Morocco, are members of the AU, which means it has 54 members.

Africa Day is a public holiday in only five African countries: Ghana, Mali, Namibia, Zambia and Zimbabwe. But, it is celebrated all over Africa as well as by Africans living in other parts of the world!

International Children's Day

International Children's Day has been celebrated on 1 June since 1925! The day is a reminder about the rights of children. It also reminds adults to protect and care for children everywhere. People celebrate in different ways – some organisations make speeches about improving children's lives; other organisations offer fun activities for children and their families to enjoy together.

"I am not African because I was born in Africa, but because Africa was born in me."
Kwame Nkrumah, Ghanaian leader and president from 1951 to 1966

Belangrike feesvierings!

Wat weet jy van Afrika-dag en Internasionale Kinderdag? Lees verder om meer uit te vind.

Afrika-dag

Afrika-dag word elke jaar op 25 April gevier. Dit is die dag wanneer ons die ontstaan van die Organisasie vir Afrika-eenheid (OAE) in 1963 vier, asook die vryheid waarvoor Afrika-lande geveg het.

Die OAE is in 2001 deur die Afrika-unie (AU) vervang. Die Afrika-unie werk om eenheid en vrede in Afrika te bewerkstellig. Alle Afrika-lande, behalwe Marokko, is lede van die AU, wat beteken dat daar 54 lidlande is.

Afrika-dag is in slegs vyf Afrika-lande 'n openbare vakansiedag: Ghana, Mali, Namibië, Zambië en Zimbabwe. Maar dit word oor die hele Afrika gevier, en ook deur Afrikane wat in ander wêrelddele woon!

Internasionale Kinderdag

Internasionale Kinderdag word al sedert 1925 op 1 Junie gevier! Die dag herinner ons aan die regte van kinders. Dit herinner ook volwassenes om alle kinders te beskerm en vir hulle te sorg. Mense vier dit op verskillende maniere – sommige organisasies lewer toesprake oor hoe om kinders se lewens te verbeter; ander organisasies bied prettige aktiwiteite aan vir kinders en hulle families om saam te geniet.



DID YOU KNOW?

Wangari Maathai grew up in Kenya. After school, she went to university overseas to study to be a scientist. When she returned to Kenya, she discovered that people were hungry and did not have enough water because the land was not being cared for.

Wangari showed people – especially women – to make better use of the land and to care for it by planting trees. People called her *Mama Miti*, which means "Mother of Trees". The *Greenbelt Movement*, which she started, has planted over 40 million trees all over Africa!

She was given the Nobel Peace Prize in 2004. She was the first African woman and environmentalist to win a Nobel Peace Prize.

Martin Rowe. Cicra 2010. © Unknown.



HET JY GEWEET?

Wangari Maathai het in Kenia grootgeword. Na haar skoolopleiding is sy na 'n oorsese universiteit om as wetenskaplike te kwalifiseer. Toe sy na Kenia teruggekeer het, het sy agtergekom dat mense honger is en nie genoeg water het nie, omdat die grond nie reg bewerk word nie.

Wangari het vir mense – veral vroue – gewys hoe om die grond beter te benut en om dit te versorg deur bome te plant. Mense het haar *Mama Miti* genoem, wat "Moeder van Bome" beteken. Die *Groengordelbeweging*, wat sy begin het, het meer as 40 miljoen bome oral in Afrika geplant!

Sy het in 2004 die Nobelprys vir Vrede ontvang. Sy is die eerste vrou van Afrika en omgewingskundige wat 'n Nobelprys vir Vrede gewen het.

NAL'IBALI ON RADIO!

Enjoy listening to stories in Afrikaans and in English on Nal'ibali's radio show: RSG on Monday, Wednesday and Friday from 7.10 p.m. to 7.20 p.m.
SAfm on Monday to Wednesday from 1.50 p.m. to 2.00 p.m.



NAL'IBALI OP DIE RADIO!

Geniet dit om in Afrikaans en Engels op Nal'ibali se radioprogram na stories te luister: RSG op Maandag, Woensdag en Vrydag vanaf 7.10 nm. tot 7.20 nm.
SAfm op Maandag tot Woensdag vanaf 1.50 nm. tot 2.00 nm.



Story stars

To celebrate children and find out what some of them think about stories and reading, we spoke to four of our readers. Here's what they told us.

We asked nine-year-old Buhlebenkosi Kerejane from Philippi about her favourite story.

Buhle: My favourite story is *The bird who couldn't fly*.

Nal'ibali: Why do you like that story?

Buhle: Because at first he couldn't fly. Then the other birds said, "Yes, you can fly!", and the little bird learnt how to fly.



Storiesterre

Om kinders te vier en uit te vind wat sommige van hulle oor stories en lees dink, het ons met vier van ons lesers gesels. Dis wat hulle vir ons vertel het.

Ons het die negejarige Buhlebenkosi Kerejane van Philippi gevra wat haar gunstelingstorie is.

Buhle: My gunstelingstorie is *Die voël wat nie kon vlieg nie*.

Nal'ibali: Waarom hou jy van hierdie storie?


Buhle: Want eers kon hy nie vlieg nie. Toe sê die ander voëls: "Ja, jy kan vlieg!", en die voëltjie het leer vlieg.

Ten-year-old Sedikah Kelly from Bo-Kaap loves to read aloud. We asked her what kind of stories she enjoys.

Sedikah: I like stories about children.

Nal'ibali: What kind of children?

Sedikah: Any children. I like it when the children help each other in the stories.



Die tienjarige Sedikah Kelly van die Bo-Kaap hou daarvan om hardop te lees. Ons het haar gevra watter soort stories sy geniet.

Sedikah: Ek hou van stories oor kinders.

Nal'ibali: Watter soort kinders?

Sedikah: Enige kinders. Ek hou daarvan wanneer die kinders mekaar help in die stories.

Twelve-year-old Odwa Mahleza from Langa loves to read, all the time!

Nal'ibali: Why do you like to read?

Odwa: It exercises my mind ... but it's also so much fun. Fantasy is my favourite.

Nal'ibali: Why do you like fantasy?

Odwa: I like the impossible.



Die twaalfjarige Odwa Mahleza van Langa hou daarvan om heeltyd te lees!

Nal'ibali: Waarom hou jy daarvan om te lees?

Odwa: Dit oefen my brein ... maar dit is ook soveel pret. Fantasierhale is my gunsteling.

Nal'ibali: Waarom hou jy van fantasieverhale?

Odwa: Ek hou van die onmoontlike.

Thirteen-year-old Anda Silimeni from Khayelitsha told us what he likes to read.

Anda: I like stories about broken-hearted people.

Nal'ibali: Why?

Anda: They're full of lessons. Sometimes they help you get over your own problems.



Die dertienjarige Anda Silimeni van Khayelitsha het vir ons vertel wat hy graag lees.

Anda: Ek hou van stories oor mense wie se harte gebreek is.

Nal'ibali: Waarom?

Anda: Hulle bevat baie lesse. Soms help dit jou om oor jou eie probleme te kom.



Do you love books and reading? What kinds of books do you enjoy? What is your favourite story? Write to us and let us know. Send your thoughts to: PRAESA, Suite 17-201, Building 17, Waverley Business Park, Wycroft Road, Mowbray, 7700, or letters@nalibali.org.

Hou jy van boeke en lees? Watter soort boeke geniet jy? Wat is jou gunstelingstorie? Skryf vir ons en vertel vir ons. Stuur jou briewe aan: PRAESA, Suite 17-201, Gebou 17, Waverley-besigheidspark, Wycroft-weg, Mowbray, 7700, of stuur 'n e-pos aan letters@nalibali.org.

Create your own cut-out-and-keep books

1. Take out pages 5 to 12 of this supplement.
2. Separate pages 5, 6, 11 and 12 from pages 7, 8, 9 and 10.
3. Follow the instructions below to make each book.
 - a) Fold the sheet in half along the black dotted line.
 - b) Fold it in half again.
 - c) Cut along the red dotted lines.

Maak jou eie knip-uit-en-bêreboekies

1. Haal bladsye 5 tot 12 van hierdie bylae uit.
2. Skei bladsye 5, 6, 11 en 12 van bladsye 7, 8, 9 en 10.
3. Volg die aanwysings hieronder om elke boek te maak.
 - a) Vou die vel in die helfte op die swart stippellyn.
 - b) Vou dit weer in die helfte.
 - c) Sny dit uit op die rooi stippellyne.



Drive your imagination

Fold

“What’s wrong, Teacher?” asked Pauline.
 “I’ve lost my shaker. How are the children going to hear me?”
 “Don’t worry. We’ll help you find it,” said Pauline.
 “Kom ons gaan kyk nou na die eende,” se Pauline toe
 hulle klaar geswaai het.
 “Ek het nog nooit voorheen *regte* eende gesien nie,” se Kagiso.
 Op pad na die vlei stap hulle verby Juffrou Tholisa. Sy lyk
 baie bekommerd.
 “Wats fout, Juffrou?” vra Pauline.
 “Ek het my ratel verloor. Hoe gaan die kinders my nou hoor?”
 “Moenie bekommerd wees nie. Ons sal Juffrou help soek,”
 se Pauline.



“Let’s go and see the
 ducks now,” said
 Pauline when they had
 finished swinging.
 “I’ve never seen
real ducks before,”
 said Kagiso.
 On their way to the
 vlei, they passed
 Teacher Tholisa. She
 looked very worried.

“Let’s look around on the grass,” said Kagiso.
 “Good idea,” said Pauline. “That’s where Teacher Tholisa was last.”
 They walked with their heads down, searching the ground. It
 didn’t take long before Kagiso spotted something red in the grass.
 “Over there!” he shouted.
 Pauline and Kagiso ran towards the shaker ... but suddenly
 they stopped.
 “Kom ons soek hier op die gras,” se Kagiso.
 “Goie idee,” se Pauline. “Dis waar Juffrou Tholisa laaste was.”
 Hulle loop stadig, en soek-soek op die grond rond. Dis nie lank
 nie, of Kagiso sien iets rooi in die gras. “Daar anderkant!”
 skree hy.
 Pauline en Kagiso hardloop na die ratel toe ... maar skielik
 gaan staan hulle botstil.

Persona Doll Training provides diversity training for teachers and parents. We use Persona Dolls to help children and adults unlearn prejudice and to support emotional development. We also offer stories and life-like dolls – Persona Dolls and smaller Ubuntu play dolls.

A surprise at the park is a large, A3-size bilingual book available in two language versions: English and isiXhosa, and isiZulu and Sesotho. Contact Persona Doll Training for more information or to order a book.

Website: www.pdt.org.za

Tel: 021 7884365

Email: info@pdt.org.za

Facebook: Persona Doll Training: Embrace diversity

Persona Doll Training bied diversiteitsopleiding vir onderwysers en ouers aan. Ons gebruik Persona-poppe om kinders en volwassenes te help om vooroordeel af te leer, en om emosionele ontwikkeling te bevorder. Ons bied ook stories en lewensgetroue poppe – Persona-poppe en kleiner Ubuntu-speelpoppe.

’n Verrassing in die park is ’n groot A3-grootte tweetalige boek wat in twee taalkombinasies beskikbaar is: Engels en isiXhosa, en isiZulu en Sesotho. Kontak Persona Doll Training vir meer inligting of om ’n boek te bestel.

Webwerf: www.pdt.org.za


Tel: 021 7884365

E-pos: info@pdt.org.za

Facebook: Persona Doll Training: Embrace diversity



Nal’ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children’s potential through storytelling and reading. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi




Nal’ibali is ’n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org, of www.nalibali.mobi




Fold

A surprise at the park ’n Verrassing in die park

Wendy Hartmann
 Magriet Brink



Pauline en Kagiso gaan eerste na die swaai toe. Hulle beweeg hulle bene vorentoe en agtertoe en swaai hoër en hoër. Pauline swaai so hoog dat haar maag bollemakiesie slaan. Sy kan die hele park sien. Sy kan selfs sien hoe Juffrou Tholisa bal speel saam met party van die kinders.



'n Groot hond staan reg voor hulle – reg langs die ratel! Die hond lyk kwaai en grom vir hulle. Sy kom nader. Kagiso gryp Pauline aan die arm. “Sjiiii! Staan stil,” sê Pauline sagges. “Toe fluister sy: “Toebroodjie!” “WAT?” sê Kagiso so hard dat die hond naderkom. “Gooi jou toebroodjie daar oorkant,” fluister Pauline, “weg van die ratel af!”

A big dog stood in front of them – right next to the shaker! It looked angry and was growling. It stepped closer. Kagiso grabbed Pauline’s arm. “Shhhhh! Stand still,” said Pauline quietly. “Then she whispered, “Lunch!” “WHAT?” Kagiso said so loudly that the dog moved towards him. “Throw your lunch over there,” whispered Pauline, “away from the shaker!”

Pauline was excited. She and her friend, Kagiso, were going on a class outing.

“Kagiso! Hurry! Have you got your lunch?” Pauline shouted.

Pauline’s dad laughed. “Have you got yours?” he asked. Pauline nodded.

“Teacher Tholisa will meet us at the park gate this morning,” Pauline’s dad said. “I think you’re going to have such fun at this park!”



Pauline is baie opgewonde. Sy en haar maat, Kagiso, gaan op ’n klasuitstappie.


“Kagiso! Maak gou! Het jy jou toebroodjie?” roep Pauline.

Pauline se pa lag. “Het jy joune?” vra hy. Pauline knik.

“Juffrou Tholisa sal ons vanoggend by die park se hek ontmoet,” sê Pauline se pa. “Ek dink julle gaan soveel pret in die park hê!”

And all the way home, that’s exactly what they did! Pauline’s dad just smiled as he listened. He was so proud of them.

En dis wat hulle die hele pad huis toe doen!
Pauline se pa glimlag net terwyl hy luister. Hy is baie trots op hulle.





The more she learnt, the more she realised that she loved the people of Kenya. She wanted them to be happy and free. The more she learnt, the more she remembered her African home.

Hoe meer sy leer, hoe meer besef sy dat sy lief is vir die mense van Kenia. Sy wil hê hulle moet gelukkig en vry wees. Hoe meer sy leer, hoe meer dink sy aan haar huis in Afrika.

Fold




We believe every child should own a hundred books by the age of five.

Become a book-sponsor and help change the world.

Get involved at bookdash.org



Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



It starts with a story...

Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org, of www.nalibali.mobi



A tiny seed 'n Klein saadjie



*Nicola Rijsdijk
Maya Marshak*

Fold

By die Amerikaanse universiteit leer Wangari baie nuwe dinge. Sy bestudeer plante en hoe hulle groei. En sy onthou hoe sy gegroei het: hoe sy saam met haar broers speeltjies gespeel het in die skaduw van die bome in die pragtige woude in Kenia.

At the American university, Wangari learnt many new things. She studied plants and how they grow. And she remembered how she grew: playing games with her brothers in the shade of the trees in the beautiful Kenyan forests.



In a village on the slopes of Mount Kenya in East Africa, a little girl worked in the fields with her mother. Her name was Wangari.

In 'n dorpie teen die hange van die berg Kenia in Oos-Afrika, werk 'n dogtertjie saam met haar ma op die landerye. Haar naam is Wangari.



When she had finished her studies, she returned to Kenya. But her country had changed. Huge farms stretched across the land. Women had no wood to make cooking fires. The people were poor and the children were hungry. Wangari knew what to do. She taught the women how to plant trees from seeds. The women sold the trees and used the money to look after their families. The women were very happy. Wangari had helped them to feel powerful and strong.



Sy hou daarvan om te leer! Wangari leer meer en meer met elke boek wat sy lees. Sy vaar so goed op skool dat sy genooi word om in die Verenigde State van Amerika te gaan studeer. Wangari is opgewonde! Sy wil meer van die wêreld weet.

She liked to learn! Wangari learnt more and more with every book she read. She did so well at school that she was invited to study in the United States of America. Wangari was excited! She wanted to know more about the world.



Fold

Toe sy haar studies voltooi het, keer sy terug na Kenia. Maar haar land het verander. Groot plase strek regoor die land. Vroue het nie hout om kookvure mee te maak nie. Die mense is arm en die kinders is honger. Wangari weet wat om te doen. Sy leer die vroue hoe om saadjies te plant sodat daar bome sal groei. Die vroue verkoop die bome en gebruik die geld om vir hulle families te sorg. Die vroue is baie gelukkig. Wangari het hulle gehelp om sterk en magtig te voel.



Wangari loved being outside. In her family's food garden she broke up the soil with her machete. She pressed tiny seeds into the warm earth.

Wangari hou baie daarvan om buite te wees. In haar gesin se kos tuin bewerk sy die grond met haar kapmes. Sy druk klein saadjies in die warm grond in.

Fold



Wangari died in 2011, but we can think of her every time we see a beautiful tree.

Wangari is in 2011 oorlede, maar elke keer wanneer ons 'n pragtige boom sien, kan ons aan haar dink.



Wangari was a clever child and couldn't wait to go to school. But her mother and father wanted her to stay and help them at home. When she was seven years old, her big brother persuaded her parents to let her go to school.


Wangari is 'n slim kind en kan nie wag om skool toe te gaan nie. Maar haar mamma en pappa wil hê sy moet by die huis bly om hulle te help. Toe sy sewe jaar oud word, oorreed haar ouer broer haar ouers om haar skool toe te stuur.



As time passed, the new trees grew into forests, and the rivers started flowing again. Wangari's message spread across Africa. Today, millions of trees have grown from Wangari's seeds.

Oor tyd heen word die nuwe bome woude, en die riviere begin weer vloei. Wangari se boodskap versprei oor Afrika.

Vandag is daar miljoene bome wat uit Wangari se saadlêes gegroei het.



Wangari had worked hard. People all over the world took notice, and gave her a famous prize. It is called the Nobel Peace Prize, and she was the first African woman ever to receive it.

Wangari het hard gewerk. Mense vanoor die hele wêreld het dit raakgesien en vir haar 'n beroemde prys gegee. Dit word die Nobelprys vir Vrede genoem, en sy is die eerste vrou van Afrika wat dit ooit ontvang het.



Her favourite time of day was just after sunset. When it got too dark to see the plants, Wangari knew it was time to go home. She would follow the narrow paths through the fields, crossing rivers as she went.

Haar gunstelingtyd van die dag is net na sononder. Wanneer dit te donker raak om die plante te sien, weet Wangari dit is tyd om huis toe te gaan. Sy volg die smal paadjies deur die landerye en steek riviere oor terwyl sy stap.




Stadig haal Kagiso sy grondboontjiebotter-toebroodjie uit. Toe gooi hy dit! Die hond hou hulle steeds dop. Toe ruik sy die kos! Uiteindelik draat sy na Kagiso se toebroodjie toe. Die kinders staan botstl, so bang hulle kan skaars asemhaal. Die hond tel die toebroodjie op en draat terug na die dome toe.



Kagiso slowly took out his peanut butter sandwich. Then he threw it! The dog kept watching them. Then it smelt food! At last, it moved closer to Kagiso's sandwich. The children stood there, so scared they could hardly breathe. The dog picked up the sandwich and moved back to the trees.

Fold

First Pauline and Kagiso went on the swings. They pushed and pulled their legs forwards and backwards, going higher and higher. Pauline went so high her tummy did a flip-flop. She could see the whole park. She could even see Teacher Tholisa playing a ball game with some of the children.



“Oh,” said Kagiso, suddenly remembering that they had found the shaker. “I almost forgot that we found your shaker!”

“Thank you!” said Teacher Tholisa.

Later Teacher Tholisa shook the shaker three times. It was time to go home.

“Did you have a good time?” Pauline’s dad asked when he met them at the gate.

“I think they had quite an adventure,” said Teacher Tholisa. “I’m sure they’ll tell you all about it.”

“O,” sê Kagiso, en onthou skielik dat hulle die ratel gevind het. “Ek het byna vergeet dat ons Juffrou se ratel gevind het!”

“Dankie!” sê Juffrou Tholisa.

Later skud Juffrou Tholisa die ratel drie keer. Dit is tyd om huis toe te gaan.

“Het julle lekker gespeel?” vra Pauline se pa toe hy hulle by die hek ontmoet.

“Ek dink hulle het ’n groot avontuur gehad,” sê Juffrou Tholisa. “Ek is seker hulle sal jou alles daarvan vertel.”



Pauline’s dad said goodbye. “This is a big place so you need to make sure that you stay together. Have a wonderful time. I’ll pick you up later.”

Pauline se pa sê vir die kinders totsiens. “Dis ’n groot plek hierdie en julle moet seker maak julle bly bymekaar. Geniet dit. Ek kom haal julle later.”




Teacher Tholisa shook a shaker. “Come here everyone,” she said smiling. “Let’s enjoy ourselves here, but remember to stay together. Have fun, but listen for three shakes of the shaker. This means that I want you to come to me.”

Juffrou Tholisa skud ’n ratel.

“Kom almal hierheen,” sê sy met ’n glimlag. “Kom ons geniet die park, maar onthou om bymekaar te bly. Geniet dit, maar luister wanneer ek die ratel drie keer skud. Dit beteken ek wil hê julle moet na my toe kom.”



Fold



Pauline en Kagiso weet nie waarheen om eerste te gaan nie. Daar is swaie, 'n glyplank, en 'n REUSE klimram. Daar is baie gras, en dit lyk lekker om daarop te rol. Daar is selfs 'n vlei met eende op die water.

“Sjoe!” sê Kagiso. “Dis groot.”

“En mooi,” sê Pauline.

Pauline and Kagiso didn't know where to go first. There were swings, a slide and a HUGE jungle gym. There was lots of grass that looked fun to roll on. There was even a vlei with some ducks on it.

“Wow!” said Kagiso. “It's big.”

“And pretty,” said Pauline.

Pauline hardloop vorentoe, gryp die ratel en hardloop terug na Kagiso toe.

“Sjoe!” sê Kagiso.

“Is alles reg?” vra Juffrou Tholisa.

Hulle vertel vir haar alles wat gebeur het.

“Julle het die regte ding gedoen om nie te naby te gaan aan 'n hond wat julle nie ken nie,” sê Juffrou Tholisa. En toe, sonder om nog 'n woord te sê, stap Juffrou na die dome toe!

Pauline dashed forward, grabbed the shaker and ran back to Kagiso.

“Phew!” said Kagiso.

“Are you okay?” asked Teacher Tholisa.

They told her everything.

“You were right not to try to go too close to a dog you do not know,” said Teacher Tholisa. Then, without saying a word, she walked towards the trees!

“Look!” Teacher Tholisa said. “The dog has given the sandwich to her puppies.” They saw four wriggly, hungry puppies. “She growled at you because she doesn't know you and she thought you might hurt her puppies.”

Pauline and Kagiso felt hungry. They only had Pauline's sandwich to share, but they didn't mind!

“I'll phone the animal hospital to come and help this dog and her puppies,” said Teacher Tholisa.

“Kyk!” sê Juffrou Tholisa. “Die hond het die toebroodjie vir haar kleintjies gegee.” Hulle sien vier wriemelende, honger babahondjies. “Sy het vir julle gegrom, want sy ken julle nie, en het gedink julle wil miskien haar kleintjies seermaak.”

Pauline en Kagiso is honger. Hulle het net Pauline se toebroodjie oor om te deel, maar hulle deel graag!

“Ek sal die dierehospitaal bel en vra dat hulle hierdie hond en haar kleintjies kom help,” sê Juffrou Tholisa.



Fold

Fold

10 tips for sharing books with 3 to 6 year olds

Reading to children from an early age helps develop their language skills and stimulates their cognitive development. Young children are easy to read to – they usually love stories and books!

1. Don't read for long periods. Young children may find it difficult to concentrate and then lose interest.
2. Choose a different type of picture book each time you read aloud. For example, everyday life stories, stories that rhyme, fantasy stories and adventures.
3. Read the book's title and the names of the author and illustrator on the front cover.
4. Ask your children if they can guess what the book might be about from listening to the title and looking at the picture on the cover.
5. Read with expression and use different voices for different characters.
6. Read the words of the story, but also talk about what is in the pictures.
7. As you read, draw attention to the characters and the plot by asking simple questions like, "Who is that?", "Where is he?", "What is that?" and "I wonder why she did that?"
8. Encourage children to join in. Let them handle the book, point to pictures and turn the pages.
9. Repeat children's favourite stories as often as they ask for them!
10. As your children get to know the stories better, invite them to read along with you. Suggest that they "read" (recite) the repeated phrases and sentences like, "I'll huff and I'll puff and blow your house down!"



10 wenke om boeke met 3- tot 6-jariges te deel

Om vir kinders van 'n jong ouderdom af te lees, help om hulle taalvaardighede te ontwikkel en stimuleer hulle kognitiewe ontwikkeling. Dis maklik om vir jong kinders te lees – hulle hou gewoonlik baie van stories en boeke!

1. Moenie vir lang tye lees nie. Jong kinders kan sukkel om te konsentreer en dan belangstelling verloor.
2. Kies 'n ander soort prenteboek elke keer wanneer jy hardop lees, byvoorbeeld, stories oor alledaagse dinge, stories wat rym, fantasieverhale en avontuurverhale.
3. Lees die boek se titel en die name van die skrywer en illustreerder op die omslag.
4. Vra jou kinders of hulle kan raai waarom die boek gaan deur na die titel te luister en na die prent op die omslag te kyk.
5. Lees met uitdrukking en gebruik verskillende stemme vir verskillende karakters.
6. Lees die woorde van die storie, maar praat ook oor dit wat in die prente gebeur.
7. Vestig hulle aandag op die karakters en die storielyn terwyl jy lees deur eenvoudige vrae soos die volgende te vra: "Wie is dit?", "Waar is hy?", "Wat is dit?" en "Ek wonder waarom sy dit gedoen het?"
8. Moedig kinders aan om saam te lees. Laat hulle die boek vashou, na die prente wys en die bladsye omblaai.
9. Herhaal jou kinders se gunstelingstories so dikwels as wat hulle daarna vra!
10. Namate jou kinders die stories beter leer ken, nooi hulle om saam met jou te lees. Stel voor dat hulle die herhalende frases en sinne "lees" (opsê) soos: "Ek sal raas en blaas en jou huisie omblaas!"

DID YOU KNOW?

Does your young child like to:

- ★ pull toys round and round?
- ★ spin round and round?
- ★ play with toys that have turning or spinning parts?
- ★ draw circles?
- ★ ride a bike or tricycle in circles?

Did you know that when children do these things, they are learning about how objects turn and how they can turn?



HET JY GEWEET?


Hou jou jong kind daarvan om:

- ★ speelgoed al in die rondte te trek?
- ★ al in die rondte te draai?
- ★ om met speelgoed te speel wat dele het wat in die rondte kan draai?
- ★ sirkels te teken?
- ★ met 'n fiets of driewiel in sirkels te ry?

Het jy geweet dat wanneer kinders hierdie dinge doen, hulle leer hoe voorwerpe draai en hoe hulle kan draai?



Thoko's best friend



Story and illustrations by Niki Daly

"Can Jake come and play?" Thoko asked Mama. "He's my best friend," she said.

"Sure," said Mama. "If Gogo doesn't mind looking after you while I'm at work, then that's fine."

"I don't mind at all," said Gogo. "I once had a best friend who was called Bossy Boots."

"That's a funny name," said Thoko.

"She was a funny girl," said Gogo. "When we played together she always wanted to be Queen This or Queen That. I always had to be the servant who got bossed around."

Thoko, Mama and Gogo had a good laugh.

The next day, Jake came to play. First they played taxi-taxi. Gogo let them use two kitchen chairs to make the taxi.

"I'll be the taxi driver," said Jake.

"Then I'll be the one who shouts *Cape Town!* and collects the money," said Thoko.

"And I'll be the passenger," said Gogo.

Jake sat on the front seat, Gogo sat on the back seat and Thoko shouted *Cape Town!* and squeezed in. Gogo gave Thoko two peppermints, which they pretended was money.



Soon they were in Cape Town and Thoko cried, "Everyone get out!" Gogo climbed out and Thoko shared her peppermints with Jake.

"Now what shall we play?" asked Jake.

"Let's play train-train," suggested Thoko.

"We need more chairs to make a train," said Jake. They used three kitchen chairs. One was for the train driver, one was for passengers and the last one was for boxes and animals.

"I want to be the train driver," said Jake.

"I want to be the Gogo who is going to visit her family in Jozi," said Gogo, sitting down in the passengers' coach.

"Then I'll be a little dog and sit in the last coach," said Thoko.

"*Choo-choo! Chuff- chuff!*" chuffed Jake, as the train pulled out of the station.

"*Woof Woof!*" woofed Thoko. Gogo closed her eyes and pretended to be fast asleep. It was a pity, because she missed all the beautiful scenery as the train travelled all the way from Cape Town to Johannesburg. They went through valleys and over mountains. They passed through the wide flat Karoo with its little koppies. They went over rivers and through farmlands. And then, finally, they came to the great city of Johannesburg.

"*Choo! Chooooooo!*" went Jake as they arrived at the station.

"*Woof! Woof!*" woofed Thoko.

That woke up Gogo who said, "My Goodness! We're here already? We're just in time for tea!"

Jake and Thoko carried the chairs back to the table and Gogo made a pot of tea and put out biscuits for the thirsty train driver and the hungry little dog.

"After this biscuit," said Thoko, "I want to build a space ship."

"Cool!" said Jake. "I want to be the space captain!" Thoko looked very disappointed.

"Why don't you both be astronauts," suggested Gogo.

"Okay," said Jake. But he didn't look too happy about it.

The space ship needed four chairs. Two upright chairs were for the astronauts to sit in. The other two were put behind on their backs as rocket boosters.

"Five ... four ... three ... two ... one ... lift off!" announced Gogo, as she waved them goodbye. The spaceship lifted off and rose up, up, up into deep space.

"Look!" said Thoko. "There's the moon!"

"Let's land," said Jake. Slowly the spaceship landed on the moon and the two astronauts climbed out.

"There is nothing here," said Jake.

"Yes," agreed Thoko, "let's go home."

Gogo was glad to see them return to Earth. They both looked tired from their travels. "I know what you can do next," said Gogo. "It's something that Bossy Boots and I used to do when we were your age." Gogo showed them how to make a hut by throwing a blanket over the chairs.

"I want to be the hunter," said Jake.

"I want to be the hunter's best friend," said Thoko. "And you can be a mama elephant," she said to Gogo.

"I'd rather be a mama lion," said Gogo.



Jake was very quiet as they stalked the mama lion. Thoko was even quieter. But before they got to where the mama lion was sitting at the table having her second cup of tea, she turned around and let out a blood curdling growl – *GRRROOOWLLL!* The hunter and his best friend got such a fright they dived back into their hut, pulling the roof down on top of them. Gogo giggled, and there was a lot of giggling coming from under the blanket. And then all was quiet.

"Good," thought Gogo. She needed a rest.

"Know what?" said Thoko from under the blanket.

"What?" asked Jake.

"Even though you are very bossy and always want to be the taxi driver, the train driver, the captain of a spaceship *and* the hunter, you are still my best friend," said Thoko.

"I know," said Jake. "And you are my bestest friend ever!"

Gogo smiled. They sounded just like her and Bossy Boots!





"Kan Jake asseblief by my kom speel?" vra Thoko vir Mamma. "Hy's my beste maat," sê sy.

"Natuurlik," sê Mamma. "As Gogo nie omgee om na julle te kyk terwyl ek by die werk is nie, is dit goed so."

"Ek gee glad nie om nie," sê Gogo. "Ek het eenkeer 'n beste maat gehad en haar naam was Baasspelerige Bettie."

"Dis 'n snaakse naam," sê Thoko.

"Sy was 'n snaakse dogtertjie," sê Gogo. "Wanneer ons saam gespeel het, wou sy altyd Koningin Sus of Koningin So wees. Ek moes altyd die diensmeisie wees wat haar bevele moes uitvoer."

Thoko, Mamma en Gogo lag lekker daaroor.

Die volgende dag kom Jake speel. Eers speel hulle taxi-taxi. Gogo laat hulle twee kombuisstoele gebruik om die taxi te maak.

"Ek sal die taxibestuurder wees," sê Jake.

"Dan sal ek die een wees wat *Kaapstad!* skree en die geld insamel," sê Thoko.

"En ek sal die passasier wees," sê Gogo.

Jake sit op die voorste sitplek, Gogo sit agter en Thoko skree *Kaapstad!* en wurm haarself in. Gogo gee vir Thoko twee pepermente, en hulle maak asof dit geld is.



Gou is hulle in Kaapstad en Thoko sê: "Almal uit!" Gogo klim uit en Thoko deel haar pepermente met Jake.

"Wat sal ons nou speel?" vra Jake.

"Kom ons speel trein-trein," stel Thoko voor.

"Ons het meer stoele nodig om 'n trein te maak," sê Jake. Hulle gebruik drie kombuisstoele. Een is vir die treindrywer, een vir passasiers en die laaste een is vir bokse en diere.

"Ek wil die treindrywer wees," sê Jake.

"Ek wil die Gogo wees wat vir haar familie in Jozi gaan kuier," sê Gogo, en gaan sit in die passasierswa.

"Dan sal ek 'n klein hondjie wees en in die laaste wa sit," sê Thoko.

"*Tjoeke-pakke! Tjoeke-pakke!*" stoom Jake, terwyl die trein uit die stasie trek.

"*Woef Woef!*" blaf Thoko. Gogo maak haar oë toe en maak asof sy vas slaap. Dis jammer, want sy sien nie die pragtige natuurskoon terwyl die trein al die pad van Kaapstad na Johannesburg ry nie. Hulle ry deur valleie en oor berge. Hulle ry deur die uitgestrekte, plat Karoo met sy klein koppies. Hulle ry oor riviere en deur landerye. En dan, uiteindelik, kom hulle in die groot stad Johannesburg aan.

"*Tjoe! Tjoeeeee!*" maak Jake toe hulle die stasie inry.

"*Woef! Woef!*" blaf Thoko.

Dit maak Gogo wakker, en sy sê: "Goeiste! Is ons al hier? Ons is net betyds vir tee!"

Jake en Thoko dra die stoele terug na die tafel toe en Gogo maak 'n pot tee en haal koekies uit vir die dorstige treindrywer en die honger klein hondjie.

"Ná die koekies," sê Thoko, "wil ek 'n ruimteskip bou."

"Ja, lekker!" sê Jake. "Ek wil die kaptein van die ruimteskip wees!" Thoko lyk teleurgesteld.

"Waarom is julle nie albei ruimtevaarders nie," stel Gogo voor.

"Nou maar goed," sê Jake. Maar hy lyk nie gelukkig daarmee nie.

Vir die ruimteskip het hulle vier stoele nodig. Twee stoele staan regop en dis vir die ruimtevaarders om in te sit. Die ander twee word op hulle rugleunings neergesit en is die vuurpyllanseerders.

"Vyf ... vier ... drie ... twee ... een ... weg is julle!" sê Gogo terwyl sy vir hulle totsiens waai. Die ruimteskip styg op en vlieg hoër en hoër na die verste uithoeke van die ruimte.

"Kyk!" sê Thoko. "Daar's die maan!"

"Kom ons land," sê Jake. Die ruimteskip land stadig op die maan, en die twee ruimtevaarders klim uit.

"Daar's niks hier nie," sê Jake.

"Ja," stem Thoko saam, "kom ons gaan huis toe."

Gogo is bly om hulle weer terug op aarde te hê. Hulle lyk albei moeg na hulle reise. "Ek weet wat julle volgende kan doen," sê Gogo. "Dis iets wat ek en Baasspelerige Bettie gedoen het toe ons so oud soos julle was." Gogo wys vir hulle hoe om 'n hut te maak deur 'n kombors oor die stoele te gooi.

"Ek wil die jagter wees," sê Jake.

"Ek wil die jagter se beste maat wees," sê Thoko. "En Gogo, jy kan 'n mamma-olifant wees," sê sy.

"Ek wil liever 'n mamma-leeu wees," sê Gogo.



Jake is doodstil terwyl hulle die mamma-leeu bekruip. Thoko is selfs stiller. Maar voor hulle by die tafel kom waar die mamma-leeu sit en haar tweede koppie tee geniet, draai sy om en gee 'n bloedstollende brul – *BRRRUUULLL!* Die jagter en sy beste maat skrik so groot dat hulle in hul hut induik en die dak oor hulle koppe trek. Gogo giggel, en sy hoor 'n gegiggel onder die kombors. En toe is alles stil.

"Dankie tog," dink Gogo. Sy het 'n blaaskans nodig.

"Weet jy wat?" sê Thoko onder die kombors.

"Wat?" vra Jake.

"Selfs al is jy baasspelerig en al wil jy altyd die taxibestuurder, die treindrywer, die kaptein van die ruimteskip en die jagter wees, is jy nog steeds my beste maat," sê Thoko.

"Ek weet," sê Jake. "En jy is my allerbeste maat ooit!"

Gogo glimlag. Dit klink net soos sy en Baasspelerige Bettie!

Nal'ibali fun

Dear Diary...

Do you keep a diary? Diaries are great places to write down your thoughts and feelings – or anything else that you want to! The diary below is a “feelings diary”. Each day write down how you felt about something that happened.



Nal'ibali-pret

Liewe Dagboek ...

Hou jy 'n dagboek? Dagboeke is wonderlike plekke waarin 'n mens jou gedagtes en gevoelens kan neerskryf – of enigiets anders wat jy wil! Die dagboek hieronder is 'n “dagboek oor gevoelens”. Skryf elke dag neer hoe jy gevoel het oor iets wat gebeur het.



SUNDAY

I felt _____ when

SONDAG

Ek het _____ gevoel toe

MONDAY

I felt _____ when

MAANDAG

Ek het _____ gevoel toe

TUESDAY

I felt _____ when

DINSDAG

Ek het _____ gevoel toe

WEDNESDAY

I felt _____ when

WOENSDAG

Ek het _____ gevoel toe

THURSDAY

I felt _____ when

DONDERDAG

Ek het _____ gevoel toe

FRIDAY

I felt _____ when

VRYDAG

Ek het _____ gevoel toe

Who is reading?

How many Nal'ibali characters who are reading can you see on this page? Count them and then check your answer below.

Wie lees?

Hoeveel Nal'ibali-karakters wat lees kan jy op hierdie bladsy sien? Tel hulle en kyk dan na die antwoord hieronder.

Antwoord: 11

Antswr: 11




SATURDAY

I felt _____ when

SATERDAG

Ek het _____ gevoel toe



Look out for our special Father's Day edition of the Nal'ibali supplement in the week of 7 June 2015!

Find us on Facebook: www.facebook.com/nalibaliSA
Vind ons op Facebook: www.facebook.com/nalibaliSA

Kyk uit vir ons spesiale Vadersdag-uitgawe van die Nal'ibali-bylae in die week van 7 Junie 2015!

Supplement produced by The Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA) and Times Media Education. Translated by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.